SA: BRIEWE

# Uitbeelding van Sondes in Twee Boeke

**NUGTER, Kaapstad, skryf:**

In sy brief van 14 Julie antwoord Regsinnig op sekere punte in my vorige brief. Hy ontwyk egter my basiese bewering, nl. dat C. M. van den Heever in Laat Vrugte sekere sondes goedkeurend uitbeeld. Laat ons die saak nou so eenvoudig moontlik formuleer.

(a) Leroux, sê Regsinnig, beeld die sonde uit. Volgens baie bevoegde beoordelaars is die *veroordeling* daarvan implisiet in die werk aanwesig. Regsinnig mag met hulle verskil, maar dan bestaan daar baie beslis verskil in interpretasie.

(b) Van den Heever beeld ook die sonde uit in Laat Vrugte, maar in die boek self kan ek hoegenaamd geen implisiete veroordeling daarvan aantref nie: inteendeel, Van den Heever keur dit uitdruklik goed. Die hele verhaal berus daarop.

Nou sal ek graag sien dat Regsinnig duidelik en sonder omhaal op die volgende vrae antwoord:

(1) Stem hy saam dat in Laat Vrugte sekere dade uitgebeeld word wat die Kerk en die Christelike gemeenskap as sondig beskou?

(2) Stem hy saam dat die pleeg van hierdie sondes deur die skrywer in die verhaal goedgekeur word?

**(3) Indien nie, kan hy (a) enige** gesaghebbende oordeel oor die saak aanhaal, of (b) self vir die lesers van Die Burger kortliks sê op watter gronde hy my bewering oor Laat Vrugte verwerp?

(4) Indien hy toegee dat my bewering korrek is, hoe verklaar hy die feit dat oor Sewe Dae By die Silbersteins, waaroor ten minste ernstige meningsverskil en dus 'n sterk element van twyfel bestaan, so te kere gegaan word?